

## Satan en sy twee bondgenote



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 13, Openbaring 17:8, Daniël 7:24, II Thessalonicense 2:2–12, Openbaring 12:14–16, I Konings 18:38.

#### Geheeteks:

“En die draak was vertoorn op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooe van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” (*Openbaring 12:17*).

**O**penbaring 12 eindig met ‘n beskrywing van Satan se planne om Christus se getroue volgelinge te vervolg. Hoofstuk 13 beskryf hoe hy met die hulp van sy twee bondgenote wat altwee as wrede diere uitgebeeld word, vir die finale oorlog voorberei. Die antitese drie-eenheid van die Godheid (*sien Openbaring 1:4–6*) wat uit drie magte bestaan, vorm ‘n onheilige drietal om God se verlossingsaktiwiteit teen te werk, en die samewerking van die wêreld te verkry.

‘n Woord van waarskuwing is hier nodig. Tot dusver het ons met profesieë te doen gehad wat reeds in die verlede vervul was. Hierna kry ons hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, met profesieë te doen wat nog vervul moet word. Deur hierdie profesieë toon God aan ons wat aan die einde van tyd sal gebeur sodat ons nie onverwags betrap sal word nie. Maar, ons moet onthou dat terwyl hierdie profesieë vir ons sê wat aan die einde van tyd gaan gebeur, sê dit nie wanneer en presies hoe die finale gebeure gaan plaasvind nie. Daarom moet ons versigtig wees om nie te spekuleer oor wat die profesieë nie vir ons openbaar nie. Laat ons nie vergeet nie, daar is praktiese redes vir die profesieë in Openbaring: om ons te leer hoe ons vandag moet lewe om vir die toekoms voor te berei.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 2 Maart.*

## Die dier uit die see

**Lees Openbaring 13:1–4, 8 en Openbaring 17:8. Wat is die karaktereenskappe van hierdie dier, en watter fases word deur sy bestaan gekenmerk?**

---

---

---

Johannes sien hoe 'n monsteragtige dier uit die see opkom. Terwyl 'n dier 'n politieke mag verteenwoordig, beeld die beskrywing van die seedier 'n mag uit wat beide godsdienstig en polities is. Die see simboliseer die stormagtige sosiale en politieke toestande wat na die val van die Romeinse Ryk gevolg het (*sien Daniël 7:2, 3, 23, 24*).

Johannes beskryf die dier terwyl dit uit die water opkom. Dit het sewe koppe en tien horings net soos die draak in Openbaring 12:3, wat aandui dat daar 'n verband tussen die twee is. Op die koppe van die dier is 'n godslasterlike naam, en op die horings is koninklike krone. Die koppe van die dier is die magte wat die Satan gebruik om God se volk regdeur die geskiedenis te vervolg (*sien Openbaring 17:9–11*). Die godslasterlike naam dui op die goddelike titel wat die dier vir homself toe-eien. Die tien horings verwys na Daniël 7:24, en simboliseer die nasies wat voortgespruit het uit die Romeinse Ryk nadat dit tot 'n val gekom het. Hierdie bogenoemde kenmerke dui op die pouslike fase van die Romeinse Ryk. Terwyl die dier uit die water opkom, lyk dit soos 'n luiperd, 'n beer en 'n leeu. Sodoende kombineer die dier die kenmerke van die vier diere (simbole van wêreldryke) in Daniël 7:2–7: Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome (*Daniël 7:17*). Maar, Johannes noem hulle in omgekeerde volgorde, wat aandui dat die seedier aan die vierde dier van Daniël 7, die Romeinse Ryk, verwant is.

Die draak gee aan die dier sy krag, sy troon, en groot outoriteit. Net soos wat die Vader sy troon en outoriteit aan Christus gegee het (*Openbaring 2:27*), so stel die draak die dier as sy mederegent en verteenwoordiger op aarde aan. Dit bevestig die feit dat die seedier die tweede lid van die sataniese drie-eenheid is, wat poog om die plek van Jesus Christus in die verstande en harte van die mensdom in te neem.

Openbaring 13:5 verklaar dat die dier se aktiwiteite vir die profetiese 42 maande of 1,260 dae (d.i. jare) aanhou. Hierdie fase eindig wanneer een van die dier se koppe dodelik gewond word en dit die tydelike dood van die dier tot gevolg het. Wanneer die wond genees, word die dier weer lewend. Die wêreld word dan met verwondering vervul en hulle aanbid beide die draak en die dier.

## Die seedier se aktiwiteite

Soos wat ons gister gesien het, verwys Openbaring 13:5 na 'n spesifieke tydperk van vervolging. Die 42 maande van die dier se aktiwiteite is dieselfde periode as die 1,260 dae van die vervolging van die vrou (die kerk) in Openbaring 12:14. Profetiese dae is 'n simbool vir jare. Die jaar 538 n.C. dui toepaslik die begin van die profetiese tydvak aan toe die Roomse kerk, met die pous as hoof, as 'n kerklike mag wat die Westerse wêreld dwarsdeur die middeleeuse tydperk oorheers het, tot stand gekom het. Die gebeure van die Franse Rewolusie het in 1798 n.C. die dier 'n dodelike wond toegedien en sodoende hierdie kerk se onderdrukkende oorheersing en die staatskerkinstelling tot 'n tydelike einde gebring.

**Vergelyk Openbaring 13:5–8 met Daniël 7:24, 25 en II Thessalonicense 2:2–12. Op watter manier weerspieël die aktiwiteite van die seedier die beskrywings van die klein horinkie en die wettelose mens?**

---



---

Die dier se aktiwiteite gedurende die profetiese 1,260-dae periode word as godslasterlik beskryf. In die Nuwe Testament word daar na godslastering verwys as om jouself met God gelyk te stel (*Johannes 10:33, Matthéüs 26:63–65*), en om aannames te maak dat jy kan doen wat God kan doen (*Markus 2:7*). Die seedier se godslastering is “teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster” (*Openbaring 13:6*). Die tabernakel van God is die heiligdom in die hemel waar Christus diens doen en vir ons intree om ons verlossing te bewerkstellig. Die seedier weerspreek Christus se bemiddeling deur dit met 'n menslike sisteem te vervang wat daarop aanspraak maak dat verlossing en die vergifnis van sondes deur hierdie sisteem kan geskied, dade wat die hoogtepunt van godslastering is. Openbaring 13 dui op 'n tydvak van baie groot dwaling in die Christelike kerk wat tot vervulling gekom het toe die staatskerk van Wes-Europa onder die voogdyskap van Rome, daarop aanspraak gemaak het dat die pous as hoof van die kerk as God kon optree en doen wat net Hom toegekam het. Die versoeningsbediening van Christus in die hemelse heiligdom was met die kerk se priesterskap vervang. Diegene wat geweier het om aan Rome onderdanig te wees, was vervolgd en gemartel. Alhoewel sulke verklarings deesdae as harde woorde en selfs as bekrompe beskou word, kan die huidige nie die geskiedenis uitvee nie, maak nie saak hoe graag sommige mense dit graag sou wou doen nie.

**Hoe kan ons aan die profesieë oor die kerk se geskiedenis getrou bly en tog, terselfdertyd, vriendelik en versigtig wees wanneer ons hierdie waarhede aan andere bring?**

---

## Die dier wat uit die aarde opkom

Die eerste helfde van Openbaring 13 beskryf die middeleeuse kerklike mag se aktiwiteite gedurende die profetiese periode van 1,260 dae of jare. Soos ons vroeër genoem het, het hierdie godsdienstige politieke-sisteem as gevolg van die Franse Rewolusie 'n dodelike wond ontvang. Maar, die dodelike wond sal uiteindelik genees, en die sisteem sal weer herleef. Die tweede helfde van hierdie hoofstuk beskryf hoe die genesing van die dier se dodelike wond eintlik gaan plaasvind.

**Lees Openbaring 13:11. Wat is die kenmerke van die tweede dier? In die lig van Openbaring 12:14–16, wat is die betekenis van die feit dat hierdie dier uit die aarde opkom?**

---

Johannes sien 'n ander dier uit die aarde opkom. Dit dui daarop dat die tweede dier 'n mag is wat dieselfde gesag as die vorige dier het. Maar, anders as die eerste dier wat 'n skrikwekkende voorkoms gehad het, het die dier uit die aarde skadeloos voorgekom. Dit het “twee horings gehad net soos 'n lam” (*Openbaring 13:11*). Die lam in Openbaring is 'n eksklusiewe simbool vir Christus. Dus stem hierdie eindtydmag se voorkoms met Christus s'n ooreen.

Hierdie mag wat deur middel van die dier wat soos 'n lam lyk vriendelik teenoor die kerk optree, verskyn in 'n gebied wat die vrou (die kerk) teen die draak beskerm het wat water soos 'n rivier agter haar aan uitgegooi het aan die einde van die profetiese 1,260 dae (*Openbaring 12:14–16*). Dit was klaarblyklik 'n nuwe deelnemer wat as 'n wêreldmag opgestaan het nadat die seedier die dodelik wond gedurende die gebeure van die Franse Rewolusie ontvang het, wat daarop dui dat hierdie mag 'n eindtyddeelnemer is. Die teksvers toon egter dat hierdie dier wat so sag soos 'n lam is, uiteindelik soos die draak, soos die duiwel self, sal praat. Deur hierdie eindtydmag sal die hele wêreld gedwing word om die eerste dier wat die dodelike wond ontvang het, te aanbid. Dit dui daarop dat die landstreek wat eens beskerming en 'n veilige hawe aan die kerk gebied het ná die middeleeuse periode, gedurende die eindtydgebeure 'n gebied sal word waarvandaan vervolging sal plaasvind. “Watter volk van die Nuwe Wêreld wat blyke gegee het van mag en grootheid, en wat die aandag van die wêreld getrek het, het in 1798 opgekom? Die antwoord is voor-die-hand-liggend. Een volk, en slegs een, beantwoord aan die beskrywings van hierdie profesie; op onmiskenbare wyse dui dit die Verenigde State van Amerika aan.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 440.

**Toe die Verenigde State aanvanklik as die dier geïdentifiseer was, het dit geensins eers naby soveel mag as wat dit nou het, gehad nie. Hoe help hierdie feit om die identifisering van die Verenigde State as die mag wat in hierdie profesie beskryf word, te bevestig?**

## Die dier se beeld

**Lees Openbaring 13:12, 13. Hoe help I Konings 18:38 en Handeling 2:3 ons om die aard van die dier se misleidende aktiwiteite te verstaan, waarvan die grootste is om vuur uit die hemel te laat neerdaal?**

---

Aan die einde van tyd sal die dier wat so sag soos 'n lam is, begin om met die outoriteit van die eerste dier op te tree. Net soos die Heilige Gees met die outoriteit van Christus optree en mense na Hom toe lei (*Johannes 15:26*), sal hierdie aardse mag met die outoriteit van die seedier mense na die dier toe lei. As onderdaan van die eerste dier, maak die dier wat soos 'n lam lyk, dat die mense op die aarde die eerste dier aanbid. Die teksvers toon dat dit met die genesing van die dodelike wond van die eerste dier, ooreenstem. Hoe sal die dier wat soos 'n lam lyk, maak dat die wêreld die seedier aanbid? Aanvanklik deur wonderwerke en tekens om die mense te oorreed (*Openbaring 13:13, 14*), en dan in die finale stadium, deur dwang te gebruik (*Openbaring 13:15–17*).

Die genesing van die dodelike wond van die seedier verwys na die herstel van die middeleeuse godsdienstige sisteem. Deur middel van wonderwerke kry die dier wat soos 'n lam lyk dit reg om die inwoners van die aarde te oorreed om 'n beeld vir die dier wat die dodelike wond ontvang het, te maak. 'n Beeld is 'n namaaksel van een of ander werklikheid. Die wêreld sal gelei word om 'n godsdienstige sisteem te ontwerp wat, in sekere opsigte, die godsdienstige sisteem van die middeleeue sal namaak. Die mense sal die misleidende wonderwerke as 'n bewys van goddelike krag aanvaar. Wanneer siviele en politieke magte by die vernaamste godsdienstige organisasies aansluit om hulle godsdienste op die mensdom af te dwing, dan sal die dier se beeld tot stand kom.

Lees Openbaring 13:14, 15, en let dan op hoe die taal wat uit Génesis 2:7 oorgeneem word, verduidelik hoe die asem wat in die beeld geblaas word, dit in staat stel om te funksioneer. Deur middel van Génesis 2:7 verstaan ons dat die profesie aan ons sê dat die dier wat soos 'n lam lyk, die beeld van die dier sal laat funksioneer deur 'n soortgelyke proses as wat God gebruik het om die mens te laat lewe en te skep. Die mensdom sal deur gedwonge oorreding verlei word om die outoriteit van die eerste dier te erken en te aanvaar.

**Aangesien God self geweier het om ons te dwing en gewillig was om liewer op die kruis te sterf as om aanbidding en gehoorsaamheid af te dwing, wat sê dit aan ons oor hoe boos hierdie finale bondgenootskap van magte sal wees?**

## Die merk van die dier

Openbaring 13 toon dat die dier wat soos 'n lam gelyk het die hoofrol in die finale stryd sal vertolk. Hierdie mag sal 'n wêreldwye sisteem tot stand bring wat die middeleeuze godsdienstige sisteem sal weerspieël, met die doel om die mens se aanbidding te beheer.

**Lees Openbaring 13:16, 17 saam met Deuteronomium 6:4–8. Wat het die plasing van die merk op die voorkop en op die regterhand met die gebooië van God te doen?**

---

---

Mense van alle sosiale klasse sal gedwing word om die merk van die dier op hulle regterhande of voorkoppe te ontvang. Om hierdie merk te ontvang, beteken dat jy die dier se kant kies. Net soos die seël hulle wat aan God behoort, identifiseer (*Openbaring 14:1*), so identifiseer die merk die dier se aanbidders. Die merk van die dier is nie 'n soort sigbare teken nie. Die plasing op die regterhand of voorkop word uit die instruksie wat Moses aan die Israeliete gegee het om God se wet as 'n teken op hulle hande en voorkoppe te bind, geput (*Deuteronomium 6:8*). Dit dui daarop dat die merk op die voorkop met God se wet in die verstand, en op die regterhand met hoe die mense optree, te doen het.

Die hoofkwessies in die finale stryd sal aanbidding en gehoorsaamheid aan God wees deur sy gebooië te onderhou (*Openbaring 14:12*). Die Sabbatgebod sal spesifiek die toets van getrouheid en gehoorsaamheid aan God wees. Soos wat die Sabbat die onderskeidende teken van gehoorsaamheid van God se getroue volk is (*Eségiël 20:12*), so is die merk van die dier 'n teken van gehoorsaamheid aan die dier. Die merk van die dier is 'n direkte aanval op die vierde gebod. Dit is die plaasvervanger wat God se gebooië met menslike gebooië vervang. Die grootste bewys van hierdie feit is die menslike instelling van Sondag (*sien Daniël 7:25*) as die dag van aanbidding in plaas van die sewendedag-Sabbat, die dag wat deur die Skrif voorgeskryf word. Ons aanbid die Here as die Skepper; en die sewendedag-Sabbat was vanaf die begin van ons wêreld as die ware teken van sy skeppingsmag opsygesit. Die poging om die teken van God as skepper na 'n ander dag te verander, is 'n poging om die rol en mag van God, self toe te eien.

**Vergelyk die beskrywing in Openbaring 13:14–18 met Daniël 3:1–7. Watter ooreenkomste kan ons in daardie verhaal vind, en wat sal aan die einde van tyd gebeur?**

---

## Vir verdere studie:

Openbaring toon dat die Sabbat 'n teken van gehoorsaamheid aan die einde van die geskiedenis sal wees. Ons moet egter onthou dat aanbidding op Sondag huidige nie as die merk van die dier gesien moet word nie. Sondagonderhouding sal alleenlik “die merk van die dier” word wanneer mense, afgesien van al die bestaande misleidings, die kwessies wat die keuse van 'n aanbiddingsdag alles insluit, duidelik verstaan het, en hulle keuse òf vir òf teen God gemaak het. Daardie tyd kom nog. “Niemand het al die merk van die dier ontvang nie. Die tyd wanneer hulle getoets sal word, het nog nie gekom nie. Daar is ware Christene in elke kerk sonder om die Roomse Katolieke gemeenskap uit te sluit. Niemand is verdoem totdat hulle die lig ontvang het en die verpligting van die vierde gebod raakgesien het nie. Maar wanneer die dekreet uitgeroep word wat die nagmaakte sabbat afdwing, en die luide geroep van die derde engel die mensdom teen die aanbidding van die dier en sy beeld waarsku, sal die skeidslyn tussen die valse en die ware duidelik gesien kan word. Dan sal hulle wat aanhou oortree, die merk van die dier ontvang.” — Ellen G. White, *Evangelism*, bl. 234, (vrye vertaling). Laat ons onthou dat Sondagaanbidding huidige geen persoon meer verlore maak as wat Sabbatsonderhouding 'n persoon red nie. Die tyd kom egter nog wanneer “die merk van die dier” die hoofkwessie sal word, en wanneer die keuse van 'n dag van aanbidding die toets van getrouheid sal wees. Openbaring doen 'n beroep op mense om die Bybel met 'n selfondersoekende gees, en die profetiese Woord self te bestudeer, en alles moontlik doen om diegene wat nog nie die evangelie van Christus gehoor het nie, te bereik.

## Vrae vir bespreking:

**1. In jou waarneming van die toestand in die wêreld vandag, watter tendense sien jy op die godsdienstige en politieke gebiede wat lyk asof dit op die vervulling van die profesie van Openbaring 13 afstuur?**

**2. Terwyl ons op die einde wag, wat behoort ons gesindheid teenoor Christene in ander denominasies te wees? Dink na oor die volgende raad: “Ons predikante behoort nader kennis met die predikante van ander denominasies te maak. Bid vir en saam met hierdie manne vir wie Christus ook intree. Dit is 'n ernstige verantwoordelikheid. As Christus se boodskappers behoort hulle 'n diepe, opregte belangstelling in hierdie herders van ander kuddes te toon .”—Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 6, bl. 78, (vrye vertaling).**

**In ons gesindheid teenoor Christene van ander denominasies, hoe kan ons vermy om 'n onchristelike gees te toon? Hoe kan ons respek teenoor hulle en vir hulle persoonlike geloofsbelydenis betoon sonder om dit wat ons glo, in te boet?**